

**22 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-20**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:14**

**God bewerk vir jou ware vrede deur die geboorte van sy Seun**

Die Christelike godsdiens is in wese 'n godsdiens van diepe eenvoud en soberheid. Kyk maar na die omstandighede rondom die geboorte van ons Here Jesus – nederiger kon dit eintlik nie. Tog spreek die vadersorg van God duidelik uit die feit dat daar vir die Christuskind 'n veilige ruimte was om in gebore te word, al was dit ook 'n stal en sy eerste wiegie 'n krip.

Die effek van hierdie nederige geboorte was egter onberekenbaar groot vir al die mense "... in wie Hy 'n welbehag het".

In vers 14 besing 'n menigte engele die eer van God teenoor die herders. Met die geboorte van Christus het die Goddelike selfopenbaring 'n hoogtepunt bereik. Daarom moet alle eer gaan aan God in die hoogste hemel. Vir elkeen wat glo, het die geboorte van Christus 'n baie besondere betekenis: ware vrede in 'n wêreld waar mense van nature net kan haat.

Die beste wat die keiser van Rome in daardie tyd aan sy onderdane kon gee, was 'n oppervlakkige vrede (die Pax Romana) wat weinig meer as 'n gespanne wapenstilstand was. Die keiser kon egter nie die innerlike vrede gee waarna mense so innig verlang het nie. Daardie diep, innerlike vrede gee God nou deur die geboorte van Christus.

Net soos die wêreld waarin Jesus Christus gebore is, het die wêreld van die 21ste eeu ook baie menslike namaaksel van vrede. In talle menslike verhoudinge heers daar 'n "vrede" wat geen ware vrede is nie. Die "New Age-beweging" streef na 'n soort wêreldvrede waarin mense in die naam van humanisme en welwillendheid oor alle kultuur- en godsdiensgrense heen na mekaar moet uitrek.

As gelowige kind van God is jy bevoorreg om ware vrede – die vrede in Christus – te geniet. Verbly jou daarin en wees ook 'n vredemaker in God se wêreld!

*Sing: Psalm 119:22*

*Ds JJ Cloete (Koster)*